(1) Niemand mag ’n boot met ’n masjien van meer as 15 perdekrag op ’n rivier gebruik of in beheer daarvan wees nie, tensy—

- (a) so ’n boot deur die munisipaliteit geregistreer en gelisensieër is nie;
- (b) ’n tydelike permit vir sodanige boot uitgereik is vir die bepaalde rivier waarop die boot gebruik gaan word nie; en
- (c) die persoon wat die boot beheer in besit is van ’n geldige skipperslisensie of ’n sertifikaat van bekwaamheid wat deur die SAMV uitgereik is.

- (2) 'n Persoon onder die ouderdom van 15 jaar mag slegs in beheer wees van 'n boot met 'n masjien van 15 perdekrag of minder terwyl so 'n persoon vergesel is van 'n persoon wat in besit is van 'n geldige sertifikaat van bekwaamheid.
- (3) Waar enige lisensiehouer van 'n boot soos bedoel in subartikel (1) toelaat dat enige ander persoon, wat nie in besit is van 'n sertifikaat soos bedoel in subartikel (2) nie, 'n boot gebruik of beheer, of wat na die mening van die gemagtigde beampte nie bevoeg is om 'n boot met die nodige respek vir die omgewing te gebruik of in beheer daarvan te wees nie, mag so 'n gemagtigde beampte die gelisensieërde instruksie gee om nie so 'n ander persoon toe te laat om sodanige boot te gebruik of in beheer daarvan te wees nie.
- (4) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

3. Verbode gedrag

- (1) Geen persoon mag 'n boot of vaartuig op 'n rivier gebruik—
 - (a) op 'n roekelose of nalatige wyse nie;
 - (b) terwyl hy onder die invloed van drank of dwelmmiddels is, of terwyl die alkohol persentasie in sy bloed 0.05 of meer, uitgedruk in gram per 100 milliliters bloed;
 - (c) terwyl hy aan 'n siekte of swakheid lei wat hom ongeskik maak of dit te doen nie;
 - (d) op 'n wyse wat deur die gemagtigde beampte beskou word gevaarlik te wees vir die publiek of die insittendes van so 'n boot of vaartuig of op 'n wyse wat bereken is om eiendom of geriewe in gevaar te stel of te beskadig, met inagneming van al die omstandighede van die geval;
 - (e) op 'n wyse wat na die mening van die gemagtigde beampte 'n oorlas daarstel;
 - (f) sonder redelike inagneming van die regte van ander persone wat so 'n rivier gebruik;
 - (g) terwyl dit olie, petrol, besoedelende of enige ander toksiese of aanstootlike middele lek;
 - (h) indien die vrag of die aantal persone aan boord die dravermoë van die vaartuig oorskrei, soos aangedui op die vaartuig se registrasiesertifikaat of soos gemeld op die lisensie;
 - (i) indien die boot of vaartuig nie by die munisipaliteit geregistreer en gelisensieër is soos in hierdie verordening vereis word en indien die identifikasienommer wat ten opsigte van die boot of vaartuig uitgereik is nie permanent aangebring is op 'n wyse deur die munisipaliteit bepaal nie; en
 - (j) in stryd met enige gebruiksonne op 'n rivier soos deur die munisipaliteit bepaal is nie.
- (2) Geen persoon mag in die watergebied sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit—
 - (i) teen vergoeding of vir wins enige vertoning of vermaak aanbied of enige besigheid of enige ambag bedryf of enige boor of vaartuig verhuur nie;
 - (ii) enige boot of vaartuig vir die vervoer van passassiers of goedere teen vergoeding aanhou of gebruik nie;
 - (iii) enige visvangkompetisie reël of aanbied nie; of
 - (iv) enige wedren, vergadering of regatta reël of aanbied nie.
- (3) Wanneer die munisipaliteit goedkeuring verleen ingevolge subartikel (2) mag dit enige voorwaardes stel wat dit in die lig van die omstandighede van elke geval goeuvind ten einde die publiek se veiligheid te beskerm.
- (4) Terwyl in 'n watergebied, mag geen persoon—
 - (a) onweloweglike, aanstootlike of onbehoorlike taal gebruik nie;
 - (b) homself op 'n aanstootlike, onbehoorlike of wanordelike wyse gedra nie;
 - (c) opsetlik of nalatiglik enige iets doen wat ongerief van ander gebruikers van die watergebied mag veroorsaak, of wat die vreedzaamheid mag versteur nie.
- (5) Niemand mag—
 - (a) van enige brug af of binne 20 meter aan enige kant van 'n sleepelling visvang nie;
 - (b) vanaf 'n boot of vaartuig hengel terwyl daardie boot of vaartuig onder gemotoriseerde krag aangedryf word nie;
 - (c) sonder 'n permit scubaduik, vis skiet of visnette, behalwe 'n land- of gooinet, gebruik nie;
 - (d) in enige rivier swem waar bootry toegelaat word nie, tensy dit in 'n gebied is wat vir swem gereserveer is en indien dit as sulks deur 'n kennisgewingbord aangedui word;
 - (e) sonder 'n lisensie visvang nie;
 - (f) enige skeertuig, straalangedrewe watertuig (insluitende, maar nie beperk nie tot waterponies) of seevliegtuig gebruik of enige valskermaktiwiteite beoefen op enige deel van die watergebied van 'n rivier nie; of
 - (g) enige obstruksie op of naby 'n rivier se oppervlak plaas nie.

- (6) Die munisipaliteit mag die grootte beperk van enige motor wat op enige rivier of gedeelte van 'n rivier gebruik word.
- (7) Die munisipaliteit mag aan enige rivier of gedeelte daarvan gebruiksones toeken vir die beskerming van die omgewing of vir veiligheidsoorwegings.
- (8) Die bepalings van subartikel (1)(i) is slegs van toepassing op 'n boot bedoel in artikel 2(1).
- (9) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

4. Toerusting aanboord 'n boot of vaartuig

- (1) Geen persoon mag enige boot of vaartuig op 'n rivier gebruik nie tensy die toerusting wat in Bylae 1 gelys is aanboord so 'n boot of vaartuig is nie.
- (2) Alle lewensreddingstoerusting aan boord van 'n boot of vaartuig moet in 'n goeie, werkende toestand en binne maklike reikafstand wees vir onmiddellike en effektiewe gebruik.
- (3) Die batterye en brandstof van enige boot of vaartuig moet in afsonderlike kompartemente gehou word en geen brandstofvoerpypp mag deur 'n batterykompartement loop nie. Beide kompartemente moet behoorlik geventileer wees.
- (4) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

5. Reëls vir die gebruik van bote

- (1) Niemand mag 'n boot of vaartuig sonder toesig in die watergebied laat tensy dit behoorlik ge-anker, vasgemeer of na droeë grond tot 'n veilige hoogte bo die watervlak verwyder is nie.
- (2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), mag geen boot of vaartuig in 'n watergebied vir 'n langer tydperk as 24 ure sonder toesig gelaat word nie.
- (3) Geen boot of vaartuig mag vasgemeer of te water gelaat word op enige plek wat nie 'n plek is wat deur die munisipaliteit aangedui of goedgekeur is nie, en 'n gemagtigde beampte of die munisipaliteit mag enige boot of vaartuig sonder die toestemming van die eienaar skuif, of dit op 'n ander plek vasmeer indien dit in openbare belang geag word en sodanige beweging sal gedoen word op die risiko van die eienaar van die boot of vaartuig.
- (4) Geen boot of vaartuig mag vasgemeer word aan enige ander boot of vaartuig of aan 'n merker, boei of ander navigasiehulpmiddel.
- (5) Die stuurman van enige boot of vaartuig moet seker maak dat hy te alle tye volle beheer oor die boot of vaartuig kan uitoefen terwyl dit onderweg is.
- (6) Die stuurman van enige boot of vaartuig wat 'n lyn, kabel of tou vir enige doeleindes sleep, moet seker maak dat geen ander persoon in gevaar gestel of verontref word nie.
- (7) Geen persoon mag 'n boot of vaartuig gebruik of toelaat dat dit gebruik word op so 'n wyse dat dit gevaar of oorlas veroorsaak vir enige ander boot of vaartuig of die insittendes daarvan of vir ander persone of eiendom of installasies in die water of aan die rand van die water of vir enige bote of vaartuie wat by 'n kaai vasgemeer is nie.
- (8) Geen kragboot wat onderweg is en geen persoon wat in 'n watergebied waterski mag nader as 10 meter gaan aan 'n plek waar mense swem of nader as 10 meter van die kant van 'n rivier of nader as 10 meter van enige ander boot of vaartuig of sodanige ander afstand soos deur die munisipaliteit bepaal, tensy:
 - (a) omstandighede sodanig is dat die gemelde afstande nie gehandhaaf kan word nie;
 - (b) bystand verleen word in 'n noodsituasie; of
 - (c) die kragboot gebruik word om vis te vang of enige waterskiër wat deur dit getrek word besig is om aan land te gaan of dit te verlaat; Met dien verstande dat waar die voorgeskrewe afstande nie gehandhaaf word nie, moet die kragboot onmiddellik sy spoed na minder as 10 km per uur verminder.
- (9) Niemand mag op die boeg, voordek of boordwand van enige kragboot wat onderweg is wees nie tensy voldoende veiligheidsreëlins aangebring is, en geen persoon mag vanaf enige kragboot wat onderweg is spring of duik nie tensy hulp verleen word in 'n noodgeval of tensy dit nodig is om die boot te water te laat of aan land te bring.
- (10) Waar moontlik, moet 'n kragboot so geloods word dat die mediaanlyn van die water altyd aan die bakboordkant van die boot is en kragbote moet anti-klokgewys beweeg en aan die regterkant van die watergebied hou.
- (11) 'n Kragboot moet weghou van seilbote en bote of vaartuie wat deur roeispane of spane aangedryf word.
- (12) In die geval van kragbote, wanneer twee bote kop-aan-kop of naastenby kop-aan-kop nader, moet elkeen sy koers so na stuurboord verander sodat hulle mekaar aan die bakboordkant verbygaan en, onderworpe aan die bepalings van subartikel (8), op so 'n afstand en teen so 'n spoed dat die kielwater van enige van die vaartuie nie die ander in gevaar stel nie.
- (13) In die geval van kragbote, mag geen boot 'n ander boot wat in dieselfde rigting beweeg verbygaan nie tensy dit veilig is om so te doen. So 'n boot moet, wanneer 'n ander boot verbygesteek word, sodanige boot aan die bakboordkant verbygaan tensy dit ooglopend onveilig is of indien daar genoegsame ruimte is om te manuevre en, onderworpe aan die bepalings van subartikel (8), op so 'n afstand en teen so 'n spoed dat die kielwater nie die ander vaartuig of 'n skiër in gevaarstel nie. Stadiger verkeer moet dus nader aan die regterkant van die watergebied hou ten einde soveel ruimte moontlik aan die bakboordkant te laat.
- (14) 'n Boot wat verbygegaan word moet sy spoed en rigting hanhaaf totdat die verbyganende boot veilig verby is.

- (15) In die geval van kragbote, wanneer twee bote mekaar nader op 'n ander wyse as vermeld in subartikels (12) en (13), moet die boot wat die ander boot aan sy bakboordkant het sy spoed en rigting handhaaf en die boot wat die ander boot aan sy stuurboordkant het moet koers na stuurboord verander sodat hy agter die ander boot verbygaan en moet, indien nodig, stop of agteruitbeweeg ten einde 'n botsing te voorkom.
- (16) Wanneer twee seilbote mekaar nader op 'n wyse wat die risiko van 'n botsing inhou, geld die volgende reg van weg reëls:
- indien elkeen die wind aan 'n verskillende kant kry, moet die seilboot wat die wind aan bakboordkant kry die weg oophou deur koers te verander sodat hy agter die ander boot verbygaan, of deur om die ander boot te gaan of te stop; en
 - indien beide die wind aan dieselfde kant kry, moet die seilboot wat aan die loefsy (wind-op) is wegbly van die vaartuig wat aan die lykant (wind-af) is;
 - Vir die doeleindes van hierdie subartikel is die loefsy die teenoorgestelde kant van die kant waar die hoofseil gedra word.
- (17) Ten einde botsings te vermy, moet 'n kragboot die reg van weg gee aan ander klasse bote of vaartuie, en 'n roeiboot of kano moet die reg van weg gee aan 'n seilboot wanneer omstandighede dit vereis, nie-teenstaande die bepalings van subartikels (11), (12), (13), (14) en (15), met dien verstande dat hierdie verordening nie aan enige stuurman die reg gee om onnodig die rigting van 'n ander vaartuig te blokkeer of daarmee in te meng nie. Dit is die plig van elke gebruiker van die watergebied om alle moontlike stappe te neem ten einde 'n ongeluk te voorkom, ongeag wie die reg van weg het soos bepaal in hierdie verordening.
- (18) Die stuurman van enige boot of vaartuig moet 'n veilige en versigtige spoed handhaaf in gebiede waar mense swem, bote of vaartuie vasgemaak is, waar visgevang word of waar boeie geplaas is en moet te alle tye, en veral wanneer sigbaarheid deur mis of ander oorsake belemmer word, die boot so hanteer dat mense, ander bote of vaartuie of ander eiendom nie in gevaar gestel word nie.
- (19) Geen boot of vaartuig mag nader as 100 meter in die kielwater van 'n waterskiër volg nie en dieselfde geld vir 'n boot of vaartuig wat 'n skiër trek
- (20) Bote en vaartuie wat 'n sleephelling of jettie verlaat moet die reg van weg verleen aan inkomende of verbygaande bote of vaartuie.
- (21) Geen boot, vaartuig of ander voertuig wat by wyse van 'n skroefprop bokant die water, of by wyse van 'n waterstraal aangedryf word, mag in die watergebied gebruik word nie.
- (22) Tensy in 'n noodsituasie, mag geen vliegtuig in die watergebied land of opstyg nie.
- (23) Geen boot of vaartuig mag op 'n sleephelling gelaat word nie, tensy dit vir die doeleindes van herstelwerk is.
- (24) Geen persoon mag 'n boot gebruik, of toelaat dat dit gebruik word, op 'n wyse dat buitensporig groot branders geskep word nie.
- (25) Niemand mag agter 'n boot gesleep word op enige aparatuur wat na die mening van die gemagtigde beampte 'n gevaar vir die gebruiker of ander gebruikers van die rivier inhou nie.
- (26) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

6. Reëls vir waterski, waar toegelaat

- Niemand mag waterski tensy hy of sy 'n effektiewe lewensgordel of ski-frokkie of goedgekeurde drywingsapparaat aanhet nie.
- Geen staal of ander metaalkabel of draad mag gebruik word om 'n waterskiër te sleep nie.
- Die stuurman van enige boot of vaartuig wat 'n waterskiër sleep moet, voordat die waterskiër gesleep word, seker maak dat die waterskiër kennis dra van die noodsein vir waterskiërs, naamlik die trek van die hand oor die keel, sowel as ander standaard kommunikasietekens wat in waterski gebruik word.
- Waterski word nie tussen sonsondergang en sonop toegelaat nie en die munisipaliteit mag ook waterski op enige ander tyd of in sekere sones verbied.
- Geen boot of vaartuig mag 'n waterskiër sleep tensy 'n tweede persoon wat ouer as 16 jaar is in die boot teenwoordig is om die waterskiër dop te hou nie.
- Geen waterskiër mag 'n ski uitskop behalwe op 'n plek waar 'n ski wat so uitgeskop is nie 'n gevaar vir enige ander gebruiker van die rivier sal inhou nie.
- Sodra 'n waterskiër die sleeptou laat val, moet die boot stop totdat die observeerder of 'n ander passasjer die sleeptou aanboord geneem het. Die boot moet dan stadig na die plek beweeg vanwaar die sleep voortgesit sal word of die skiër aanboord gebring sal word, of om terug te keer na die plek waar die skiër aan wal gegaan het, wat ookal die geval mag wees.
- Waterski word slegs in afgebakende gebiede toegelaat.
- Die bestuurder van 'n boot wat 'n skiër sleep moet 'n rooi vlag met 'n minimum afmeting van 500mm by 500mm vertoon ten einde die volgende toestande aan te dui:
 - Wanneer 'n skiër geval het of wil begin ski;
 - wanneer 'n sleeptou vanaf die boot in die water is; en
 - wanneer 'n ski in die water in die omgewing van die boot is.
- Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

HOOFTUK 2: REGISTRASIE EN LISENSIËRING VAN BOTE

7. Registrasie en lisensiëring van bote

- (1) Enige persoon wat van plan is om 'n kragboot, huisboot of plesierboot op 'n rivier te gebruik moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die munisipaliteit aansoek doen om registrasie en die lisensie vir so 'n boot en die aansoek moet die grootte van die boot, die metode van aandrywing, die masjiengrootte, die voorgenome gebruik en die veiligheidstoerusting op die boot aandui.
- (2) Enige sodanige aansoek moet vergesel gaan van die fooie, soos deur die munisipaliteit bepaal, vir die rivier waarop die aansoeker van voorneme is om die boot te gebruik en die fooie sal terugbetaalbaar wees indien die aansoek nie goedgekeur word nie.
- (3) 'n Boot ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n lisensie gebring is moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n gemagtigde beampte op 'n datum, plek en tyd vasgestel deur die gemagtigde beampte tensy die aansoeker deur die gemagtigde beampte in kennis gestel word dat sodanige inspeksie nie nodig is nie.
- (4) Die munisipaliteit mag, in belang van veiligheid en omgewingsvolhoubaarheid of ten einde voldoening aan hierdie verordening te verseker, die aantal bote op 'n rivier beperk deur die aantal lisensies te beperk wat in enige gegewe jaar ten opsigte van enige rivier uitgereik word.
- (5) Die munisipaliteit mag, in belang van veiligheid of ten einde voldoening aan hierdie verordening te verseker, enige aansoek goedkeur of afkeur en mag, wanneer so 'n aansoek goedgekeur word, voorwaardes oplê rakende die wyse van gebruik of van herstelwerk of alterasies aan so 'n boot soos dit mag nodig vind.
- (6) Die munisipaliteit moet weier om 'n aansoek goed te keur indien dit van mening is dat die gebruik van die boot—
 - (a) 'n bron van besoedeling in 'n rivier of in die omgewing van 'n rivier sal wees;
 - (b) oorlas sal veroorsaak;
 - (c) 'n gevaar vir die persone wat dit gebruik of die publiek of 'n deel van die publiek sal daarstel;
 - (d) onvanpas sal wees in die gebied en die aard van die rivier; of
 - (e) kielwater of branders sal veroorsaak wat 'n oorlas vir oewerbewoners sal wees of 'n onaanvaarbare risiko van skade aan die omgewing inhou.
- (7) Die registrasie van 'n boot is nie oordraagbaar van een persoon na 'n ander nie of van een boot na 'n ander nie tensy 'n lisensiehouer van 'n boot wat ingevolge hierdie verordening geregistreer is sy registrasienuommer en lisensie met die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit oordra na 'n ander boot wat aan hom behoort.
- (8) Die registrasie moet die lisensiehouer, die maksimum getal persone wat deur die boot gedra mag word, die tipe en lengte van die boot, die maksimum krag van die motor en die identifikasienuommer wat aan die boot toegeken is spesifiseer.
- (9) Waar die munisipaliteit weier om 'n boot te registreer of te lisensieer, moet dit redes vir die weiering verstrek.
- (10) Die munisipaliteit behou die reg voor om die aantal registrasies per lisensiehouer te beperk.
- (11) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree of 'n vals verklaring maak, pleeg 'n misdryf.

8. Geldigheid van lisensies, uitreik van tydelike permitte en die vertoon van tekens

- (1) Die lisensie van 'n boot verval soos deur die munisipale bestuurder bepaal vir elke rivier.
- (2) Ten einde 'n boot op 'n rivier te gebruik waar so 'n boot nie gelisensieer is nie en anderssins nie in terme van hierdie verordening gebruik mag word nie, mag 'n aansoek tot die munisipaliteit gerig word vir die uitreiking van 'n tydelike permit vir die rivier ten opsigte waarvan die aansoeker van plan is om die boot te gebruik en sodanige tydelike permit sal van krag wees vir 'n tydperk soos deur die munisipaliteit goedgekeur teen betaling van die voorgeskrewe fooi. Geen sodanige tydelike permit sal vir meer as dertig dae geldig wees nie.
- (3) Die lisensiehouer van 'n boot moet onverwyld die lisensie of tydelike permit op die boot aanbring of laat aanbring op 'n wyse wat vir die munisipaliteit aanvaarbaar is.

9. Outomatiese verval en kansellering van lisensies en registrasies

- (1) 'n Lisensie en 'n boot se registrasie verval outomaties indien so 'n boot deur of op gesag van die munisipaliteit verwyder is ingevolge artikel 15(4) as gevolg van die veroorsaking van besoedeling deur die vrystelling van petrol of olie in die rivier.
- (2) Indien die munisipaliteit van mening is dat 'n boot nie langer vir registrasie ingevolge hierdie verordening of ingevolge enige voorwaardes waarop 'n lisensie toegestaan is kwalifiseer nie, mag die lisensie gekanselleer word nadat dertig dae kennis te dien effekte aan die gelisensieërde gegee is by die adres wat op die lisensie verskyn.

10. Kansellering van lisensie

- (1) Die munisipaliteit mag enige lisensie kanselleer indien—
 - (a) dit tevrede is dat die boot ten opsigte waarvan so 'n lisensie uitgereik is nie meer seewaardig is nie, of 'n bron van besoedeling in die omgewing van die rivier is, of op 'n wyse gebruik word wat 'n oorlas of gevaar vir ander vaartuie of die publiek of 'n deel van die publiek daarstel;
 - (b) die boot oorgedra, verkoop of mee weggedoen is of indien die munisipaliteit oortuig is dat die lisensiehouer nie meer beheer of toesig oor die boot uitoefen nie;

- (c) die lisensiehouer skuldig bevind is aan 'n oortreding wat verband hou met die gebruik van of beheer oor 'n boot ingevolge hierdie verordening; of
 - (d) enige inligting wat op die aansoekvorm verstrekkend is verkeerd is.
- (2) Indien die munisipaliteit enige lisensie ingevolge hierdie verordening kanselleer, moet 'n gemagtigde beampte die lisensiehouer onverwyld skriftelik, by die adres wat op die aansoekvorm verskaf is, van sodanige kansellering in kennis stel.

HOOFSTUK 3: VASSTELLING VAN TARIWE EN FOOIE

11. Vasstelling van tariewe, fooie en heffings

- (1) Die munisipaliteit mag tariewe, fooie en heffings vasstel vir die registrasie en lisensiering van bote en die verskaffing van skyfies en tekens ten opsigte van riviere of enige besonderse rivier.
- (2) By die vasstelling van tariewe, fooie en heffings ingevolge subartikel (1) mag die munisipaliteit onderskei tussen verskillende klasse bote en vaartuie wat van 'n rivier of enige geriewe gebruik maak, ten opsigte van hul grootte, metode van aandrywing of gebruik, of dit mag enige ander onderskeid tref wat, na die mening van die munisipaliteit, relevant is tot die daarstelling van sodanige tariewe of fooie.
- (3) Enige aansoek vir die lisensiering van 'n boot en die gebruik van geriewe deur 'n boot of vaartuig moet vergesel gaan van die voorgeskrewe fooie deur die munisipaliteit bepaal.
- (4) Alle inkomste wat gegenereer word uit permitte wat uitgereik word ingevolge hierdie verordening vir ontspanningsaktiwiteite moet toegewys word aan die beheer van ontspanningsaktiwiteite of die onderhoud van openbare infrastruktuur en om die rivier ten opsigte waarvan die inkomste gegenereer is of beide die beheer en onderhoud.

HOOFSTUK 4: BESOEDELING VAN RIVIERE

12. Besoedeling van riviere

- (1) Niemand mag, behalwe met die goedkeuring van die munisipaliteit en in ooreenstemming met die bepalinge van die Wet op die Beheer oor Strandgebiede, 1935 (Wet 21 of 1935), toelaat dat enige rioolpyp of—tenk in 'n rivier uitloop nie of toelaat dat enige ander afvalwater van enige bron in die rivier beland nie.
- (2) Daar mag van geen stof soos petrol, olie of enige giftige of aanstootlike stof in 'n rivier mee weggedoen word nie.
- (3) Niemand mag enige bottels kanne, afval of vullis van enige aard in die water of op enige aangrensende grond of gerief gooi nie, behalwe in houers wat vir daardie doel voorsien word.
- (4) Niemand mag deur enige handeling of versuim, hetsy direk of indirek, 'n oorlas toelaat of toelaat dat 'n bron van gevaar geskep of voortgesit word, of enige inmenging met die gemak of gerief van persone in die omgewing van 'n rivier toelaat nie.
- (5) Niemand mag enige visafval in 'n rivier stort nie.
- (6) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 5: BEVOEGDHEDE VAN GEMAGTIGDE BEAMPTES

13. Bevoegdheid van gemagtigde beamptes

- (1) Enige persoon wat 'n ongelisensieerde boot op 'n rivier gebruik of enige bepaling van hierdie verordening oortree, mag deur 'n gemagtigde beampte aangesê word om so 'n ongelisensieerde boot sonder verwyld van die rivier te verwyder of om sodanige oortreding te staak en nie-nakoming van so 'n bevel is 'n misdryf.
- (2) Enige gemagtigde beampte het die reg om te eniger tyd aan boord 'n vaartuig te gaan en dit te inspekteer ten einde te vas te stel of die bepalinge van hierdie verordening nagekom word.
- (3) Enige gemagtigde beampte mag in die watergebied—
 - (a) enige boot of vaartuig of enige toerusting daarop ondersoek en toets ten einde te bepaal of die boot of vaartuig geskik is vir navigasie op of in die water en of die bepalinge van hierdie verordening nagekom word;
 - (b) enige inligting ten opsigte van die boot of vaartuig van die stuurman versoek, en indien die stuurman nie in staat is om die inligting te verstrek nie, hom beveel of die boot of vaartuig onverwyld van die water te verwyder tot tyd en wyl daar aan die versoek voldoen kan word;
 - (c) van die stuurman vereis om sy naam en adres asook die naam en adres van die lisensiehouer te verstrek asook enige ander inligting wat vir identifikasiedoeleinde vereis word;
 - (d) van enige ander persoon op die boot of vaartuig, buiten die stuurman, vereis om sy naam en adres asook enige ander inligting wat vir die identifikasie van die stuurman of lisensiehouer vereis word te verstrek;
 - (e) indien dit vir hom voorkom dat die stuurman van enige boot of vaartuig as gevolg van enige fisieke of geestelike toestand, ongeag die oorsprong daarvan, nie in staat is om die boot of vaartuig te stuur of in beheer daarvan te wees nie, die stuurman tydelik verbied om aan te hou stuur of in beheer van die boot of vaartuig en hy mag reëlings tref wat na sy mening nodig en aan te beveel is vir die veilige besorging van die boot of vaartuig;
 - (f) indien dit vir hom voorkom dat die vraag of die aantal persone wat in enige boot of vaartuig vervoer word meer is as wat op die registrasiesertifikaat aangedui word, die stuurman verbied om met die vaart voort te gaan totdat die vraag of die getal persone op die wyse verminder is as wat hy nodig en aan te beveel vind;

- (g) indien dit vir hom voorkom dat enige boot of vaartuig of deel daarvan nie-navigeerbaar in of op die water is, die stuurman beveel om die boot of vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl die boot of vaartuig of gedeelte daarvan navigeerbaar gemaak is;
 - (h) indien dit vir hom voorkom dat enige van die toerusting wat deur hierdie verordening voorgeskryf word nie aan boord die boot of vaartuig is nie of nie in 'n goeie werkende toestand is of maklik beskikbaar is vir onmiddellike gebruik nie, die stuurman beveel om die boot of vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl daar aan al die bepalings van hierdie verordening voldoen word;
 - (i) enige visstok of—lyn wat onbewaak gelaat word van 'n rivier verwyder, indien sodanige stok of lyn 'n gevaar vir die veiligheid van ander persone.
- (4) Niemand mag—
- (a) met 'n gemagtigde beampte inmeng in die uitvoering van sy pligte nie of hom belemmer om sy werk te doen nie; of
 - (b) weier om sy naam of korrekte adres op versoek van 'n gemagtigde beampte te vertrek nie.
- (5) Enige persoon wat 'n bepaling van subartikel (4) oortree, pleeg 'n misdryf.

14. Delegasie van bevoegdhede

Die munisipaliteit mag enige bevoegdhede wat aan dit opgedra is ingevolge hierdie verordening, met die uitsondering van die bevoegdheid om fooie te hef of vas te stel, aan enige persoon, persone of organisasies deleger of oordra.

15. Verwydering van bote van die rivier

- (1) Indien die eienaar van 'n ongelisensieerde boot versuim om so 'n boot van die rivier te verwyder nadat hy aangesê is om dit te doen deur die munisipaliteit of enige gemagtigde beampte, mag die munisipaliteit sodanige boot onverwyld verwyder.
- (2) (a) Waar die munisipaliteit enige lisensie kanselleer, of indien enige lisensie verstryk of verval in terme van hierdie verordening, moet die eienaar van die boot waarvan die lisensie verval of verstryk het so 'n boot onverwyld van die rivier verwyder;
- (b) Indien die eienaar van 'n boot waarvan die lisensie verval of verstryk het of dit gekanselleer is, versuim om sodanige boot binne dertig dae nadat die lisensie verval of verstryk het of na kennisgewing dat dit gekanselleer is te verwyder, mag die munisipaliteit sodanige boot onverwyld verwyder.
- (3) Enige boot in of op 'n rivier waarvan die fooie soos voorgeskryf deur die munisipaliteit vir meer as dertig dae agterstallig is, mag van die rivier verwyder word deur die munisipaliteit nadat skriftelik kennis gegee is aan die eienaar of lisensiehouer.
- (4) Waar die munisipaliteit gemagtig is om 'n boot of vaartuig te verwyder, mag 'n gemagtigde beampte enige reëling tref wat hy nodig vind ten einde seker te maak dat so 'n boot of vaartuig verwyder word en die munisipaliteit mag die koste verbonde aan sodanige verwydering van die eienaar of lisensiehouer verhaal.
- (5) Indien 'n boot of vaartuig wat van 'n rivier verwyder is ingevolge die bepalings van subartikels (1), (2)(b) of (4) nie binne negentig dae na sodanige verwydering geëis word nie, of in die geval van 'n boot of vaartuig waarna verwys word in subartikel (3), binne negentig dae nadat sodanige kennis gegee is en nadat alle agterstallige fooie betaal is, mag die munisipaliteit op sodanige boot of vaartuig ingevolge 'n hofbevel beslag lê ten einde die agterstallige fooie te verhaal.

HOOFSTUK 6: HUISBOTE

16. Huisbote

- (1) Niemand mag 'n huisboot binne die watergebied aanhou of gebruik sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie.
- (2) Die eienaar van enige huisboot wat sodanige boot op 'n rivier wil gebruik moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die munisipaliteit aansoek doen teen betaling van die voorgeskrewe fooi. Die aansoek moet volle besonderhede bevat van die konstruksie, grootte van die boot, die metode van aandrywing, die voorgenome gebruik en die gebied waar dit gebruik sal word. Voorts moet die aansoeker die munisipaliteit tevrede stel dat die huisboot voldoende geriewe aan boord het vir die bewaring van vullis, afval of riool wat aan boord gegenereer mag word.
- (3) Die munisipaliteit mag sodanige verdere besonderhede ten opsigte van die huisboot versoek wat dit nodig mag ag om dit in staat te stel om te besluit of die aansoek goedgekeur moet word of nie.
- (4) Die huisboot ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word moet beskikbaar gestel word vir 'n ondersoek deur 'n gemagtigde beampte van die munisipaliteit op 'n datum, plek en tyd deur die beampte aangedui.
- (5) By die verlening van magtiging om 'n huisboot aan te hou of te gebruik op 'n rivier, mag die munisipaliteit sodanige voorwaardes stel as wat dit nodig vind in die belang van veiligheid of om die impak van die huisboot op ander gebruikers van die rivier te beperk.
- (6) Die munisipaliteit het volle diskresie om die aantal huisbote op 'n rivier te beperk.
- (7) Enige magtiging wat deur die munisipaliteit verleen is sal vir 'n tydperk van 12 maande geldig wees en daarna verval dit outomaties, waarna die eienaar van die huisboot weer 'n aansoek moet indien ingevolge hierdie verordening.
- (8) Die eienaar van 'n huisboot wat op 'n rivier gebruik word moet seker maak dat alle persone wat die huisboot gebruik oor die nodige vaardighede beskik om dit te beheer.

- (9) Geen huisboot mag vir langer as 24 uur sonder die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit op enige plek in die rivier voor anker lê nie.
- (10) Elke huisboot moet die nodige veiligheidssertifikaat van die SAMV bekom.

HOOFSTUK 7: BESONDERE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN SEKERE RIVIERE

17. Bestuursplanne vir riviere

- (1) Die munisipaliteit mag bestuursplanne vir die beheer en gebruik van die volgende riviere in sy jurisdiksiegebied daarstel en publiseer—
 - (a) Breede Rivier;
 - (b) Goukou Rivier;
 - (c) Gouritz Rivier; and
 - (d) Duiwenhoks Rivier.
- (2) Die bestuursplanne bedoel in subartikel (1) mag vir reëls voorsiening maak, maar is nie tot die volgende beperk nie—
 - (a) die gebruik van bote en vaartuie op die riviere en die groottes en getalle wat toegelaat sal word;
 - (b) veiligheid op die riviere;
 - (c) besoedeling van die riviere;
 - (d) die oprigting van strukture en geriewe;
 - (e) die afbakening van gebiede vir gebruik;
 - (f) die reël van openbare geleenthede en regattas; en
 - (g) die beskerming van die vis-, dier en plantlewe.
- (3) Die bestuursplanne bedoel in subartikel (1) moet aan 'n openbare deelnameproses onderwerp word en gemeenskappe en belangegroepes moet betrek word.
- (4) Die bestuursplanne bedoel in subartikel (1) sal, indien saamgestel en gepubliseer, geldig wees en die bepalings van sodanige bestuursplanne sal voorkeur geniet indien daar enige teenstrydigheid is met die bepalings van die verordening.
- (5) Enige persoon wat versuim om te voldoen aan enige voorskrifte, voorwaardes of reëls wat in 'n bestuursplan bedoel in subartikel (1) vervat is, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 8: ALGEMENE BEPALINGS

18. Vrystelling van aanspreeklikheid

- (1) Ongeag die oorsaak daarvan sal die munisipaliteit nie aanspreeklik wees vir enige besering opgedoen deur enige persoon wat 'n rivier of enige ander geriewe gebruik of vir skade aan enige eiendom daarop nie.
- (2) Die munisipaliteit as geheel, individuele raadslede, enige persoon in diens van die munisipaliteit of enige organisasie aan wie die munisipaliteit enige bevoegdthede gedelegeer het ingevolge artikel 13 van hierdie verordening sal nie, behalwe in die geval van enige opsetlike handeling of versuim deur die munisipaliteit of sodanige persoon of organisasie, vir enige verlies of skade aanspreeklik wees wat veroorsaak is of spruit uit of in verband met enigiets wat ter goeder trou gedoen is in die uitvoering van enige bevoegdheid of verpligting wat in terme van hierdie verordening opgelê is nie.

19. Vrystelling van bepalings

- (1) Enige persoon mag by wyse van 'n skriftelike aansoek waarin die redes vir die aansoek ten volle aangedui word, by die munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van die bepalings van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit mag:
 - (a) 'n vrystelling skriftelik verleen en die voorwaardes, indien enige, en die tydperk waarvoor die vrystelling verleen word, moet daarin uiteengesit word;
 - (b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; of
 - (c) weier om vrystelling te verleen.
- (3) 'n Vrystelling is nie van krag voordat die aansoeker skriftelik onderneem het om aan al die voorwaardes wat ingevolge subartikel (2) gestel is na te kom nie, met dien verstande dat indien 'n aktiwiteit onderneem word voordat so 'n onderneming by die munisipaliteit ingedien is, verval die vrystelling.
- (4) Indien enige voorwaarde van 'n vrystelling nie nagekom word nie, verval die vrystelling onmiddellik.

20. Appèl

Iemand wie se regte geraak word deur 'n besluit van die munisipaliteit mag ingevolge Artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 200 (Wet 32 van 2000) teen die besluit appèl aanteken by wyse van skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor aan die Munisipale Bestuurder binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit.

21. Strawwe

Iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie verordening begaan het, is by skuldigbevinding aanspreeklik vir 'n boete of, indien die boete nie betaal word nie, gevangenisstraf of sodanige gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of sowel die boete as sodanige gevangenisstraf en, in die geval van 'n opeenvolgende of volgehoue misdryf, vir 'n boete vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, of indien die boete nie betaal word nie, tot bykomende gevangenisstraf.

22. Herroeping van verordeninge

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die munisipaliteit of by enigeen van die ontbinde munisipaliteite wat nou in die munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word en insoverre dit op die munisipaliteit van toepassing gemaak is deur die magtiging vir die uitvoering van magte en funksies ingevolge Artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998.

23. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening word die Verordening insake die Bestuur en Gebruik van Riviere genoem en tree in werking op die datum van die publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

BYLAE 1

(Artikel 4)

Toerusting vereis	Tipe boot of vaartuig
1. 'n Lewensgordel 2. Lewensboei of ander drywende voorwerp	Enige boot of vaartuig, uitsluitende 'n kanoe, roei-ski, wielstoomboot of roeiboot.
3. Voldoende roeispane of pale of alternatiewe aandrywingsapparaat om 'n boot of vaartuig te land	Enige boot of vaartuig
4. 'n Pomp of ander skepparaat	Enige boot of vaartuig, tensy die boot of vaartuig ontwerp is om te dryf met die aantal persone aan boord self indien dit vol water is
5. 'n Water-ski truspieël	Kragboot wat gebruik word om 'n waterskiër te trek
6. Fluit of sirene wat gebruik moet word om ongelukke te vermy 7. Brandblusser 8. Vlamvasvanger vir elke vergasser van enige petrolenjin op 'n boot of vaartuig, behalwe 'n buiteboordmasjien	Kragboot Huisboot
9. Knaldemper op die uitlaatstelsel	Enige masjiengedrewe boot of vaartuig
10. Ligte wat vir ten minste 200m sigbaar moet wees indien die boot of vaartuig tussen sonsondergang en sonop gebruik word: (a) whitle lig sigbaar vanuit alle hoeke (b) bakboord en stuurboord ligte sigbaar vir 112.5 grade (c) lantern of flitsende lig wat gewys word om botsings te voorkom	Kragbote en seilbote voor anker Kragbote en seilbote terwyl onderweg Vaartuie anders as 'n kragboot
11. Vullishouer	Enige boot of vaartuig, behalwe 'n kanoe, roei-ski of seilplank
12. Anker met ten minste 30 meter ankerlyn	Enige boot of vaartuig, behalwe 'n kanoe, roei-ski, waterponie of seilplank

HESSEQUA MUNICIPALITY: STREET TRADING BY-LAWS

In terms of and under the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 the Hessequa Municipality enacts as follows:—

Table of Contents

1. Definitions
2. Principles and objectives
3. Application

CHAPTER 1: GENERAL PROVISIONS APPLICABLE TO STREET TRADING

4. Restricted and prohibited areas
5. Places where street trading is prohibited
6. Duties of street trader
7. Prohibited conduct
8. Removal and impoundment
9. Confiscated goods register
10. Disposal of impounded goods
11. Sale of impounded goods
12. Municipal employees and councillors may not purchase impounded goods
13. Newspaper vendors

CHAPTER 2: MISCELLANEOUS PROVISIONS

14. Penalty
15. Responsibility of persons employing street traders
16. Indemnity
17. Appeal
18. Liaison forums in community
19. Revocation of by-laws
20. Short title and commencement

1. Definitions

- (1) In this by-law, unless the context otherwise indicates—

“**Act**” means the Businesses Act, 1991 (Act 71 of 1991), and includes the regulations promulgated under the Act;

“**approval**” means approval by the municipality and “approve” has a corresponding meaning;

“**garden**” means a garden to which the public has a right to access;

“**goods**” means any movable property and includes a living thing;

“**intersection**” means an intersection as defined in the regulations promulgated in terms of the National Road Traffic Act, 1996 (Act 93 of 1996);

“**litter**” means any object or matter which is discarded by a person in any place except in an approved receptacle provided for that purpose or at a waste disposal or processing facility;

“**motor vehicle**” means a motor vehicle as defined in section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act 93 of 1996);

“**municipality**” means—

- (a) the Hessequa Municipality, and includes any political structure, political office bearer, councilor, duly authorised agent thereof or any employee acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office bearer, councilor, agent or employee; or
- (b) A service provider fulfilling a responsibility under this by-law, assigned to it in terms of section 81(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000, or any other law as the case may be;

“**municipal manager**” is the person appointed by the municipality in terms of Section 82 of the Municipal Structures Act, 1998 and includes any person:

- (a) acting in such position; and
- (b) to whom the municipal manager has delegated any power, function or responsibility in as far as it concerns the execution of those powers, functions or duties.

“**nuisance**” means any act, omission or condition which is offensive or dangerous, or which materially interferes with the ordinary comfort, convenience, peace or quiet of other people or which affects, or may affect, the safety of the public;

“**official**” means a designated officer who is authorized by the municipality to perform and exercise any or all of the functions and powers contemplated in this by-law;

“**park**” means a park to which the public has a right to access;

“**perishable foodstuffs**” mean perishable foodstuffs declared as such in the Perishable Foodstuffs Regulations published under Government Notice R1183 in Government Gazette 12497 of 1 June 1990 (as amended) in terms of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972 and which includes meat, milk, fish, fish spawn, molluscs, crustaceans, fruit, vegetables and bread;

“**premises**” includes any land, building, structure, part of a building or of a structure, or any vehicle, conveyance, vessel or aircraft;

“**prescribed**” means prescribed by the municipality by resolution;

“**property**”, in relation to a street trader, means goods in which a street trader trades, and includes any article, container, vehicle or structure used or intended to be used in connection with street trading by the street trader;

“**public amenity**” means—

- (a) any land, square, camping site, caravan park, beach, swimming pool, public open space, public resort, recreation site, river, dam, nature reserve, zoo-logical, botanical or other garden, or hiking trail, including any portion thereof and any facility or apparatus therein or thereon, which is the property of, or is possessed, controlled or leased by the municipality and to which the general public has access, whether on payment of admission of fees or not, but excluding a public road or street;
- (b) a building, structure, hall room or office, including any part thereof or any facility or apparatus therein, which is the property of, or is possessed, controlled or leased by the municipality and to which the general public has access, whether on payment of admission of fees or not; and
- (c) a public amenity contemplated in paragraphs (a) and (b) if it is lawfully controlled or managed in terms of an agreement between a person and the municipality;

“**public road**” means any road, street or thoroughfare or any other place (whether a thoroughfare or not) which is commonly used by the public or any section thereof or to which the public or any section thereof has a right of access, and includes—

- (a) the verge of any such road, street or thoroughfare;
- (b) any bridge, ferry or drift traversed by any such road, street or thoroughfare; and
- (c) any other work or object forming part of or connected with or belonging to such road, street or thoroughfare;

“**roadway**” means a roadway as defined in section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act 93 of 1996);

“**sell**” includes barter, exchange, hire out, display, expose, offer or prepare for sale, store with a view to sell, or provide a service for reward, and “**sale**” or “**selling**” has a corresponding meaning;

“**sidewalk**” means a sidewalk as defined in section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act 93 of 1996);

“**street furniture**” means any furniture installed by the municipality on the street for public use;

“**street trader**” means any person carrying on business, whether as principal, employee or agent, by selling, supplying or offering any goods or the supplying or offering to supply any service for reward, in or from a public road or public place in the municipality, but excludes a newspaper vendor;

“**street trading**” means the carrying on of the business as a street trader;

“**verge**” means a verge as defined in section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act 93 of 1996), and any words or expressions to which a meaning has been assigned in the Businesses Act, 1991, (Act 71 of 1991) have a corresponding meaning in this by-law.

- (2) A single act of selling or offering or rendering of services in a public road or public amenity constitutes street trading.
- (3) A reference to a person carrying on the business of street trader includes the employee of the person.

2. Principles and objectives

- (1) The Municipality, acting in terms of section 6A(1)(a)(i) of the Businesses Act, 1991 (Act 71 of 1991), and—
 - (a) having regard to the principles set out in the Act and in the Constitution;
 - (b) taking into consideration the need of the residents to actively participate in economic activities; and

- (c) taking into consideration the need to maintain a clean, healthy and safe environment, in this by-law provides mechanisms, procedures and rules to manage street trading.
- (2) In the development and management of its obligations and the implementation of this by-law, the municipality also recognises the infrastructural, social and economical disparities and inequalities resulting from previous local government dispensations and shall strive to overcome such disparities and inequalities by supporting the new goals for local government as determined in section 152 of the Constitution.
- (3) In the implementation and enforcement of this by-law, the municipality may take into consideration the realities of the Hessequa area, the different customs, cultures, circumstances, geographical areas, kinds of premises levels of development and conventions and the municipality may use the devices provided for in this by-law, including the application of different norms, standards and guidelines, the granting of exemptions and the utilisation of liaison forums.

3. Application

- (1) No person may conduct the business of a street trader without the written permission of the municipality.
- (2) The municipality may impose conditions when issuing a street trading permit and the municipality may indicate the area and time for which the permit is valid.
- (3) The municipality may suspend the validity of a street trading permit in a specific area or of street trading permits in general when a special event takes place, provided that the municipality shall post written notices to this effect on its notice boards and provided further that, where possible, written notices shall be served on individual street traders in the affected areas.
- (4) The municipality may refuse to renew a permit if there are any fines outstanding.
- (5) This by-law applies to all persons who carry on the business of street trading within the area of jurisdiction of the Hessequa Municipality.
- (6) A person who contravenes a provision of this section commits an offence.

CHAPTER 1: GENERAL PROVISIONS APPLICABLE TO STREET TRADING

4. Restricted and prohibited areas

- (1) The municipality may, in terms of section 6A(2)(a) of the Act and subject to the provisions of paragraphs (b) up to and including (j), declare any place in its area of jurisdiction to be an area in which street trading is restricted or prohibited.
- (2) The municipality may by public notice and by erected sign indicate such areas, and the notice and sign must indicate—
 - (a) the restriction or prohibition against street trading;
 - (b) if street trading is restricted—
 - (i) the boundaries of the area or stand set aside for restricted street trading;
 - (ii) the hours when street trading is restricted or prohibited; and
 - (iii) the goods or services in respect of which street trading is restricted or prohibited; and
 - (c) that the area has been let or otherwise allocated.
- (3) The municipality may change the areas contemplated in subsection (1) if the needs and circumstances of residents and street traders demand such reconsideration.
- (4) A person who carries on the business of a street trader in contravention of a notice contemplated in subsection (2) commits an offence.

5. Places where street trading is prohibited

- (1) Unless the municipality has so permitted in terms of an agreement or by means of the display of a sign, no person may carry on the business of a street trader in any of the following places:
 - (a) In a garden or a park to which the public has a right of access; or
 - (b) on a verge contiguous to—
 - (i) a building belonging to, or occupied solely by the State or the municipality;
 - (ii) a church or other place of worship; or
 - (iii) a building declared to be a public monument under the National Heritage Resources Act, 1999.
- (2) No person may carry on the business of a street trader in any of the following places:
 - (a) in a place declared by the municipality under section 6A(2)(a) of the Act as a place in which street trading is prohibited;
 - (b) at a place where street trading obstructs the use of the sidewalk by pedestrians or interferes with the ability of persons using the sidewalk to view the goods displayed behind a shop display window or obscures such goods from view.
 - (c) within 5 metres of an intersection as defined in Regulation 322 of the National Road Traffic Regulations published under GN R225 in GG 20963 of 17 March 2000 in terms of the National Road Traffic Act, 1996 (Act 93 of 1996);

- (d) at a place where street trading obstructs—
 - (i) a fire hydrant;
 - (ii) the entrance to, or exit from, a building;
 - (iii) vehicular traffic;
 - (iv) access to a pedestrian crossing, a parking or loading bay or any other facility for vehicular or pedestrian traffic;
 - (v) access to, or the use, of street furniture or any other facility designed for the use of the general public;
 - (vi) obscures a road traffic sign that is displayed in terms of the National Road Traffic Act, 1996; or
 - (vii) obscures a marking, notice or sign displayed or made in terms of this by-law;
 - (e) on that half of a public road contiguous to a building which is used for residential purposes, if the owner or person who is in control or any occupier of the building objects thereto;
 - (f) on a portion of a sidewalk or public amenity in contravention of a notice or sign erected or displayed by the municipality for the purposes of this by-law; or
 - (g) within ten meters (10m) of the entrance to a financial institution or electronic banking facility.
- (3) A person to whom an area or stand has been let or allocated under paragraph (c) of section 6A(3) of the Act—
- (a) must comply with the conditions of the lease of allocation;
 - (b) must be in possession of written proof that municipality has let or allocated the area or stand to him or her; and
 - (c) may not transfer any written proof that municipality has let or allocated the area or stand to him or her
- (4) No person may purchase or offer to purchase from a street trader any goods or service, including casual labour services, in or at a place where street trading is prohibited.
- (5) A person who contravenes a provision of this section commits an offence.

6. Duties of street trader

- (1) A street trader must—
- (a) when he or she concludes business for the day, remove his or her property, except if stored in any structure approved and permitted by the municipality, to a place which is not part of a public road or public amenity;
 - (b) when requested by an official of the municipality or a by a person who has been authorized to provide municipal services, move his or her property so as to permit the official or other person to carry out any work in relation to a public road, public amenity or service;
 - (c) keep the area or stand occupied by him or her in a clean and sanitary condition;
 - (d) ensure that the area is free of litter at all times, and must, when he or she concludes business for the day, dispose of litter generated by his or her business in receptacles provided by the municipality for the public;
 - (e) on request by an official of the municipality, move his or her property so as to permit the cleansing of the area where he or she is trading;
 - (f) regarding the size and location of the area or stand occupied by him or her,—
 - (i) ensure that the area which he or she uses does not exceed 6 m² in size and not exceed 3 metres in length;
 - (ii) ensure that a space of not less than 1,5 metres is left between the wall of the shop (contiguous to which he or she conducts his or her business) and himself or herself; and
 - (iii) leave a space of not less than 2 metres from the kerb of the roadway.
- (2) A person who contravenes a provision of subsection (1) commits an offence.

7. Prohibited conduct

- (1) A street trader—
- (a) may not sleep or overnight at the area where he or she is trading, or at the area where another street trader is trading;
 - (b) may not place or stack his or her property in such a manner that it—
 - (i) constitutes a danger to any person or property; or
 - (ii) is likely to injure any person or cause damage to any property;
 - (c) may not dispose of litter in a manhole, storm water drain or other place not intended for the disposal of litter;

- (d) may not release onto a public road or public amenity or into a storm water drain any fat, oil or grease in the course of conducting his or her business;
- (e) may not allow smoke, fumes, noise, smells, or other substance arising from his or her activities to cause a nuisance or pollution of any kind;
- (f) may not erect a structure for the purpose of providing shelter, except for a temporary structure to provide shelter against the weather in which case the said shelter must be removed at the end of the day's business, provided that prior written approval to erect a structure must be obtained from the municipality and the municipality may prescribe the materials that may be used;
- (g) may not place his or her property on the surface of a public road or in a public amenity;
- (h) who conducts his or her business from a vehicle, may not park the vehicle or trailer in such a manner as to obstruct pedestrian or vehicular traffic and must ensure that he or she complies with the provisions of the National Road Traffic Act, 1996;
- (i) may not display his or her goods or other property on or in a building, without the consent of the owner, lawful occupier or person in control of such building or property;
- (j) may not attach an object by any means to a building, structure, sidewalk, tree, parking meter, lamp, pole, electricity pole, telephone booth, post box, traffic sign, bench or any other street furniture in or on a public road or public amenity;
- (k) may not carry on his or her business in such a manner as to—
 - (i) create a nuisance;
 - (ii) damage or deface the surface of a public road or public amenity or public or private property; or
 - (iii) create a traffic hazard;
- (l) may not make an open fire that poses a health or environment hazard to any person or property or to street furniture;
- (m) may not, other than in a refuse receptacle approved or supplied by the municipality, accumulate, dump, store or deposit any litter on—
 - (i) any land or premises;
 - (ii) any public road or public amenity or;
 - (iii) any public or private property;
- (n) may not store his or her property in a manhole, storm water drain, public toilet, bus shelter, on the median between traffic lanes or in a tree;
- (o) may not carry on such business in a place or area in contravention of any prohibition or restriction approved by the municipality in terms of section 6A(2)(a) of the Act;
- (p) may not trade in front of a formal business in goods that are similar to any goods offered for sale by such formal trader;
- (q) may not allow children under the age of sixteen to accompany him or her trade on his or her behalf where they will be operating on a public road;
- (r) may not trade from door-to-door in any business centre as indicated in the municipality's zoning scheme; and
- (s) may not cause a nuisance by insisting, begging or intimidating any person to purchase goods.

(2) A person who contravenes a provision of subsection (1) commits an offence.

8. Removal and impoundment

- (1) An official who reasonably suspects that property is being used or intended to be used in, or in connection with, street trading, whether or not the property is in possession or under the control of any person may, subject to subsection (2), remove and impound the property which he or she finds at a place where street trading is restricted or prohibited and which constitutes an infringement of any such restriction or prohibition.
- (2) An official who acts under subsection (1) must, except in the case of goods that have been left or abandoned, issue to the street trader a receipt for the property so removed and impounded and the receipt must contain the following particulars:
 - (a) the address where the impounded property will be kept and the period it will be kept;
 - (b) the conditions for the release of the impounded property; and
 - (c) that unclaimed property will be sold by public auction.
- (3) If any impounded property is attached to immovable property or a structure, and the impounded property is under the apparent control of a person present at that place, an official may order the person to remove the impounded property.
- (4) When a person fails to comply with an order to remove the impounded property, an official may take such steps as may be necessary to remove the impounded property.
- (5) A person who hinders or obstructs an official in the performance of his or her duties under this section, or who refuses or fails to remove the object when ordered to do so by an official, commits an offence.

9. Confiscated goods register

The Municipality must—

- (1) maintain a register containing the information contemplated in Schedule 1, which must be available for public inspection at all reasonable times; and
- (2) complete the confiscated goods register immediately upon the acceptance into the place of safekeeping and storage set aside for this purpose.

10. Disposal of impounded goods

- (1) Any perishable foodstuffs removed and impounded in terms of section 8(1) may, subject to subsection (2) be sold or destroyed or otherwise be disposed of in terms of any policy of the municipality within a reasonable time after its impoundment, provided that the property will at any time prior to its disposal be returned to the owner at the request of and upon submission of proof of ownership by the owner to the municipality.
- (2) The municipality is entitled to keep and dispose of any impounded perishable foodstuffs claimed by its owner in terms of subsection (1) until all reasonable expenses incurred by it or any fine issued by it have been paid.
- (3) The owner of any goods other than perishable foodstuffs already dealt with by the municipality in terms of subsections (1) and (2) who wishes to claim the return thereof must, within a period of 14 days of the date of the impoundment thereof, apply to the municipality and must present the receipt contemplated in section 8(2)(a), failing which the goods may be sold, subject to section 11.
- (4) In the event of the proceeds of any sale of goods contemplated by this section not being sufficient to defray any expenses incurred by the municipality, the owner thereof shall in terms of section 8(3)(a) remain liable for the difference.

11. Sale of impounded goods

- (1) If the owner of impounded goods, excluding perishable foodstuffs, fails to claim such goods and pay the prescribed fees as determined by the municipality from time to time within 14 days of the impoundment of the goods, the municipality must—
 - (a) apply to the Court for authority to sell the goods; and
 - (b) in the application contemplated in paragraph (a), provide the Court with proof that a statement as contemplated in sub-section (2) was lodged with the owner.
- (2) The statement contemplated in subsection (1)(b) must include the fees and costs due in terms of this by-law.
- (3) The Court, whether the amounts set forth in the statement contemplated in subsection (1)(b) are disputed or not, must—
 - (a) summarily enquire into the matter;
 - (b) enquire whether notice was given to the owner of the goods by the municipality; and
 - (c) make such order as it considers just and equitable, including an order—
 - (i) as to costs; and
 - (ii) on the process to be followed by the municipality in the sale of the confiscated goods.

12. Municipal employees and councillors may not purchase impounded goods

Employees and councillors of the municipality, or a family member, or a close associate of any municipal employee or councillor, may not purchase any goods offered for sale in terms of this by-law, either personally or through any other person, directly or indirectly.

13. Newspaper vendors

- (1) Any publisher of a newspaper that sells such newspaper by using vendors in or on a road must enter into an agreement with the municipality regarding the areas where and times during which such sales may be undertaken.
- (2) The municipality may determine the hours during which the sale of newspapers in terms of subsection (1) may be undertaken.
- (3) The municipality may levy a tariff for the sale of newspapers in or on any road within its area of jurisdiction.
- (4) Any publisher or vendor that contravenes the provisions of this section commits an offence.

CHAPTER 2: MISCELLANEOUS PROVISIONS**14. Penalty**

A person who has committed an offence in terms of these by-laws is, on conviction, and subject to penalties prescribed in any other law, liable to a fine or in default of payment, to imprisonment, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment, and in the case of a successive or continuing offence, to a fine for every day such offence continues, or in default of payment thereof, to imprisonment.

15. Responsibility of persons employing street traders

When an employee of a person who performs an act which contravenes a provision of this by-law, the employer is deemed to have committed the contravention him- or herself, unless he or she proves that—

- (a) he or she did not permit such act;

- (b) he or she took all reasonable steps to prevent the performance of the act; and
- (c) it was not in the scope of the authority or the course of employment of the employee to perform an act which contravenes this by-law.

16. Indemnity

The municipality will not be liable for any loss or damage suffered arising from the impoundment of any goods in terms of this by-law.

17. Appeal

A person whose rights are affected by a decision of the municipality may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and the reasons therefore in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 to the municipal manager within 21 days of the date of the notification of the decision.

18. Liaison forums in community

- (1) The municipality may establish one or more liaison forums in a community for the purposes of—
 - (a) creating conditions for a local community to participate in the affairs of the municipality; and
 - (b) promoting economic development.
- (2) A liaison forum may consist of—
 - (a) a member or members of an interest group, or an affected person;
 - (b) a member or members of a ward committee in whose immediate area street trading is conducted;
 - (c) a designated official or officials of the municipality; and
 - (d) a councillor.
- (3)
 - (a) The municipality may, when considering an application for an approval, or exemption certificate in terms of this by-law, request the input of a liaison forum.
 - (b) A liaison forum or any person or persons contemplated in subsection (2) may, on own initiative submit input to the municipality for consideration.

19. Revocation of by-laws

The provisions of any by-laws previously promulgated by the municipality or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the municipality are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in these By-laws.

20. Short title and commencement

This by-law may be cited as the Hessequa Municipality Street Trading By-law and commences on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

SCHEDULE 1

Confiscated Goods Register Information

(Section 9)

A confiscated goods register must, at least, contain the following information—

1. Place where goods are kept
2. Date of receipt of goods
3. Number and description of goods
4. Name and address of person who seized the goods
5. Name and address of owner of goods
6. Name and address or description of place where goods were found
7. Distance between place where animal was seized and pound
8. Date of sale of goods
9. Proceeds of sale of goods
10. Name and address of purchaser
11. Excess amount (if any) paid to owner or municipality
12. Receipt number

HESSEQUA MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE STRAATHANDEL

Ingevolge die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal die Hessequa Munisipaliteit soos volg:—

Inhoudsopgawe

1. Woordomsrywings
2. Beginsels en doelwitte
3. Toepassing

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP STRAATHANDEL

4. Beperkte en verbode gebiede
5. Plekke waar straathandel verbied word
6. Pligte van straathandelaars
7. Verbode gedrag
8. Verwydering en skut
9. Algemene goedere register
10. Wegdoening met geskutte goedere
11. Verkoop van geskutte goedere
12. Munisipale werknemers en raadslede mag nie geskutte goedere koop nie
13. Koerantverkopers

HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEPALINGS

14. Boete
15. Verantwoordelikheid van persone wat straathandelaars in diens neem
16. Vrywaring
17. Appèl
18. Skakelforums binne die gemeenskap
19. Herroeping van verordeninge
20. Kort titel en inwerkingtreding

1. Woordomsrywings

- (1) In hierdie verordening, behalwe as die sinsverband anders aandui, beteken—

“**Wet**” die Wet op Besighede 1991, (Wet 71 van 1991) en sluit dit die regulasies in wat ingevolge die Wet afgekondig is;

“**goedkeuring**” goedkeuring deur die munisipaliteit en het “goedkeur” ’n ooreenstemmende betekenis;

“**tuin**” ’n tuin waartoe die publiek die reg van toegang het;

“**goedere**” enige roerende saak en sluit dit enige lewende ding in;

“**kruising**” ’n kruising soos omskryf in die regulasies, afgekondig ingevolge die Nasionale Parkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);
 “**rommelstrooiing**” enige voorwerp of goed wat deur ’n persoon weggegooi word in enige plek behalwe ’n goedgekeurde vullishouer wat vir daardie doel voorsien is, of by ’n afvalstortingsterrein of prosesseringsterrein;

“**motorvoertuig**” ’n motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“**munisipaliteit**”—

- (a) Die Hessequa Munisipaliteit, en sluit dit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, behoorlik gemagtigde agent daarvan of enige werknemer wat ingevolge hierdie verordening optree uit hoofde van ’n mag wat in die munisipaliteit vestig en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsbekleer, raadslid, agent of werknemer, of
- (b) ’n Diensverskaffer wat ’n verantwoordelikheid nakom onder hierdie verordening, wat aan hom toegewys is ingevolge artikel 81(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000), of enige ander wet soos die geval mag wees;

“**munisipale bestuurder**” ’n persoon deur die munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Munisipale Strukturewet, 1998 en sluit dit enige persoon in:

- (a) wat waarneem in sodanige pos; en
- (b) aan wie die munisipale bestuurder enige mag, funksie of verantwoordelikheid gedelegeer het insoverre dit die uitvoering van daardie magte, funksies of verantwoordelikhede raak.

“**oorlas**” enige optrede, lating of toestand wat aanstootlik of gevaarlik is, of wat ’n wesenlike invloed het op die gewone gerief, gemak, rede of stilte van ander mense of wat die veiligheid van die publiek beïnvloed of mag beïnvloed;

“**amptelik**” ’n aangewese beampte wat deur die munisipaliteit gemagtig is om enige of al die funksies en magte wat in hierdie verordening beoog word, te mag uitvoer of uitoefen;

“**park**” ’n park waartoe die publiek die reg van toegang het;

“**bederfbare eetgoed**” bederfbare eetgoed wat as sodanig in die Bederfbare Eetgoed Regulasies, afgekondig onder Goewerment Kennisgewing R1183 in Staatskoerant 12497 van 1 Junie 1990 (soos gewysig) kragtens die Wet op Eetgoed, Skoonheids- en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972) en sluit vleis, melk, vis, viseiers, weekdiere, skaaldiere, vrugte, groente en brood in;

“**perseel**” sluit enige grond, gebou, struktuur, gedeelte van ’n gebou of ’n struktuur, of enige voertuig, vervoermiddel, vaartuig of vliegtuig in;

“**voorgeskryf**” voorgeskryf deur die munisipaliteit volgens ’n besluit;

“**eiendom**” in verhouding tot ’n straathandelaar, beteken goedere waarmee ’n straathandelaar handel dryf, en sluit dit enige artikel, houer, voertuig of struktuur in wat gebruik word of wat beoog gebruik te word in verband met straathandel deur ’n straathandelaar;

“**openbare geriewe**”—

- (a) enige grond, vierkant, kampeertrein, karavaanpark, strand, swembad, openbare oopruimte, openbare oord, ontspanningsterrein, rivier, dam, natuureservaat, dieretuin, botaniese- of ander tuin, of wandelpad, insluitend enige gedeelte daarvan en enige gerief of apparaat daarin of daarop, wat die eiendom is van, of wat besit, beheer of gelewer word deur die munisipaliteit en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy deur betaling van toegangsgeld al dan nie, maar met uitsondering van ’n openbare pad of—straat;
- (b) ’n gebou, struktuur, saalvertrek of kantoor, insluitend enige gedeelte daarvan of enige gerief of apparaat daarin, wat die eiendom is van, of besit word, of benut, beheer of verhuur word deur die munisipaliteit en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy toegangsgelde betaal word al dan nie, en
- (c) ’n openbare gerief beoog by paragraaf (a) en (b) indien dit wettiglik beheer en bestuur word ingevolge ’n ooreenkoms tussen ’n persoon en die munisipaliteit;

“**openbare pad**” enige pad, straat of deurgang of enige ander plek (hetsy ’n deurgang al dan nie) wat algemeen deur die publiek of ’n gedeelte daarvan gebruik word en waartoe die publiek of enige gedeelte daarvan ’n reg van toegang het, insluitende—

- (a) die soom van enige sodanig pad, straat of deurgang;
- (b) enige brug, put of drif wat deur enige sodanige pad, straat of deurgang gekruis word; en
- (c) enige ander werk of voorwerp wat deel vorm van of verbind is met of behoort tot sodanige pad, straat of deurgang;

“**rypad**” ’n rypad soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“**verkoop**” ook ruil, omruil, verhuur, uitstal, blootstel, aanbied of voorberei vir verkoop, berg met die doel om te verkoop, of ’n diens verskaf teen vergoeding, en het “verkoop” of “uitverkoop” ’n ooreenstemmende betekenis; “sypaadjie” ’n sypaadjie soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“**straatmeubels**” enige meublement deur die munisipaliteit op die straat aangebring vir publieke gebruik;

“**straathandelaar**” enige persoon wat sake doen, hetsy as prinsipaal, werknemer of agent, deur enige goedere te verkoop, verskaf of aan te bied of die verskaffing of aanbod om enige diens teen vergoeding te verskaf, op of van ’n openbare pad of openbare plek in die munisipale gebied maar sluit ’n koerantverkoper uit;

“**straathandel**” om as straathandelaar sake te doen;

“**soom**” ’n soom soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), en enige woorde of uitdrukkinge waaraan ’n betekenis geheg is in die Wet op Besighede 1991, (Wet 71 van 1991) het ’n ooreenstemmende betekenis in hierdie verordening.

- (2) ’n Enkele daad van verkoping of aanbieding of lewering van dienste op ’n openbare pad of ’n openbare gerief word as straathandel beskou.
- (3) ’n Verwysing na ’n persoon wat as straathandelaar sake doen, sluit die werknemer van die persoon in.

2. Beginsels en doelwitte

- (1) Die Munisipaliteit wat ingevolge artikel 6 A (1) (a) (i) van die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991) optree, en—
 - (a) insoverre dit die beginsels in die Wet en Grondwet uiteengesit raak;
 - (b) met inagneming van die inwoners se behoeftes om aktief aan die ekonomiese aktiwiteite deel te neem; en
 - (c) met inagneming van die behoefte om ’n skoon, gesonde en veilige omgewing in stand te hou, voorsien in hierdie verordening meganismes, prosedures en reëls om straathandel te bestuur.

- (2) In die ontwikkeling en bestuur van sy verpligtinge en in die toepassing van hierdie verordening, erken die munisipaliteit ook die infrastrukturele, sosiale en ekonomiese teenstrydighede en ongelykhede wat uit vorige plaaslike regering handelings voortvloei en sal daarna streef om sodanige teenstrydighede en ongelykhede te oorkom deur die nuwe doelwitte vir plaaslike regering soos bepaal in artikel 152 van die Grondwet, te ondersteun.
- (3) In die toepassing en handhawing van hierdie verordening, mag die munisipaliteit die realiteit van die Eden Distriksgebied in ag neem, die verskillende gebruike, kulture, omstandighede, geografiese gebiede, soorte persele, vlakke van ontwikkeling en tradisies en mag die munisipaliteit gebruik maak van die idees in hierdie verordening voorsien, insluitend die toepassing van verskillende norme, standaarde en riglyne, die goedkeuring van vrystellings en die gebruik van skakelforums.

3. Toepassing

- (1) Niemand mag die besigheid van 'n straathandelaar sonder die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit bedryf nie.
- (2) Wanneer die munisipaliteit 'n permit uitreik om straathandel te dryf mag dit voorwaardes stel en die gebied waar en tyd waarbinne handel gedryf mag word aandui.
- (3) Die munisipaliteit mag die geldigheid van 'n permit vir 'n sekere gebied opskort of straathandelpermitte in die algemeen opskort wanneer 'n spesiale geleentheid plaasvind, met dien verstande dat die munisipaliteit skriftelike kennisgewings te dien effekte op die munisipale kennisgewingsborde sal aanbring en, waar moontlik, deur skriftelike kennisgewings op straathandelaars in die geaffekteerde gebiede te dien.
- (4) Die munisipaliteit mag weier om 'n permit te hernu indien enige boetes uitstaande is.
- (5) Hierdie verordening is van toepassing op alle persone wat in straathandel sake doen binne die regsgebied van die Hessequa Munisipaliteit.
- (6) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP STRAATHANDEL

4. Beperkte en verbode gebiede

- (1) Die munisipaliteit mag, ingevolge artikel 6A(2)(a) van die Wet en onderhewig aan die bepalings van paragraaf (6) tot en met en insluitend (j), enige plek binne sy regsgebied as 'n gebied verklaar waarbinne straathandel beperk of verbode is.
- (2) Die munisipaliteit mag by openbare kennisgewing en deur 'n opgerigte teken sodanige areas aandui, en die kennisgewing en teken moet—
 - (a) die beperkings of verbod op straathandel;
 - (b) indien straathandel beperk word—
 - (i) die grense van die gebied of staanplek ter syde gestel vir beperkte straathandel;
 - (ii) die ure waartussen straathandel beperk of verbied word; en
 - (iii) die goedere of dienste in verband waarmee straathandel beperk of verbied word; en
 - (c) dat die gebied uitverhuur is of andersins toegewys is, aandui.
- (3) Die munisipaliteit mag die gebiede beoog by sub-artikel (1) verander, indien die behoeftes en omstandighede van inwoners en straathandelaars sodanige herooreweging vereis.
- (4) 'n Persoon wat as 'n straathandelaar sake doen, teenstrydig met 'n kennisgewing in sub-artikel (2), begaan 'n misdryf.

5. Plekke waar straathandel verbode is

- (1) Behalwe as die munisipaliteit dit toelaat ingevolge 'n ooreenkoms of by wyse van die vertoon van 'n teken, mag geen persoon as straathandelaar sake doen, binne enige van die volgende plekke nie:
 - (a) in 'n tuin of park waartoe die publiek die reg van toegang het; of
 - (b) 'n soom wat grens aan—
 - (i) 'n gebou wat behoort aan of slegs deur die Staat of die munisipaliteit beset word;
 - (ii) 'n kerk of ander plek van aanbidding; of
 - (iii) 'n gebou wat as openbare monument onder die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, verklaar is.
- (2) Geen persoon mag as 'n straathandelaar sake doen in enige van die volgende plekke nie:
 - (a) in 'n plek verklaar deur die munisipaliteit onder artikel 6A(2)(a) van die Wet, as 'n plek waarbinne straathandel verbode is;
 - (b) by 'n plek waar straathandel die gebruik van die sypaadjie deur voetgangers belemmer of inmeng met die vermoë van mense wat die sypaadjie gebruik om goedere wat agter 'n vertoonvenster uitgestal word, te besigtig of daardie goedere buite sig verberg;
 - (c) binne 5 meter van 'n kennisgewing soos omskryf in Regulasie 322 van die Nasionale Padverkeersregulasies afgekondig onder GK R225 in Staatskoerant 20963 van 17 Maart 2000, kragtens die Nasionale Padverkeerswet, 1996, (Wet 93 van 1996);
 - (d) op 'n plek waar straathandel—

- (i) 'n brandkraan;
 - (ii) die ingang tot of uitgang van 'n gebou;
 - (iii) voertuig verkeer;
 - (iv) toegang tot 'n voetoorgang, 'n parkeer- of oplaai-plek of enige ander gerief vir voertuig- of voetganger verkeer;
 - (v) toegang tot, of die gebruik van straatmeublement of enige ander gerief ontwerp vir gebruik deur die algemene publiek;
 - (vi) 'n padverkeersteken wat vertoon word ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996;
 - (vii) 'n merk, kennisgewing of teken vertoon of gemaak ingevolge hierdie verordening, versper;
- (e) op daardie gedeelte van 'n openbare pad wat aan 'n gebou wat vir woondoelindes gebruik word, grens, indien die eienaar of persoon in beheer of enige inwoner van die gebou beswaar maak daarteen;
- (f) op 'n gedeelte van 'n sypaadjie of openbare gerief, teenstrydig met 'n kennisgewing of teken deur die munisipaliteit opgerig of vertoon, vir die doeleindes van hierdie verordening; of
- (g) binne tien meter (10m) van die ingang van 'n finansiële instelling of elektroniese bank gerief.
- (3) 'n Persoon aan wie 'n gebied of staanplek verhuur of toegeken is onder paragraaf (c) van artikel 6A(3) van die Wet—
- (a) moet voldoen aan die bepalings van die huurkontrak van toekenning;
 - (b) moet in besit wees van skriftelike bewys dat die munisipaliteit die gebied of staanplek aan hom of haar toegeken het; en
 - (c) mag nie enige skriftelike bewys dat die munisipaliteit 'n gebied of staanplek aan hom toegeken het, oordra nie.
- (4) Geen persoon mag enige goedere of dienste, insluitend dienste van los werkers in of by 'n plek waar straathandel verbied word, koop of aanbied om dit te koop nie.
- (5) 'n Persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

6. Pligte van 'n straathandelaar

- (1) 'n Straathandelaar moet—
- (a) wanneer hy of sy sake vir die dag afsluit, sy of haar eiendom verwyder, behalwe as dit gestoor word in 'n struktuur wat deur die munisipaliteit goedgekeur en toegelaat is, na 'n plek wat nie deel van 'n openbare pad of openbare gerief vorm nie;
 - (b) wanneer deur 'n beampte van 'n munisipaliteit versoek of deur 'n persoon wat gemagtig is om munisipale dienste te voorsien, sy of haar eiendom skuif ten einde die beampte of ander persoon toe te laat om enige werk in verband met 'n openbare pad, openbare gerief of diens, uit te voer;
 - (c) die gebied of staanplek deur hom of haar beset in 'n skoon en higiëniese toestand hou;
 - (d) toesien dat die gebied altyd vry van rommel is, en moet, wanneer hy of sy hul sake vir die dag afsluit, wegdoen met rommel wat uit sy of haar besigheid ontstaan het, in houeers wat deur die munisipaliteit vir die publiek voorsien is;
 - (e) op versoek van 'n beampte van die munisipaliteit, sy of haar eiendom skuif ten einde die gebied waar hy of sy handel dryf, skoon te maak;
 - (f) ten opsigte van die grootte en ligging van die gebied of staanplek deur hom of haar beset,—
 - (i) toesien dat die gebied wat hy of sy gebruik, nie 6m² in grootte en nie 3 meter in lengte oorskry nie;
 - (ii) toesien dat 'n ruimte van nie minder nie as 1,5 meter tussen die muur van die winkel (aangrensend aan waar hy of sy, sy of haar besigheid bedryf) en homself of haarself; en
 - (iii) 'n ruimte laat wat nie minder is as 0,5 meter van die randsteen van die ryvlak nie.
- (2) 'n Persoon wat 'n bepaling van sub-artikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

7. Verbode optrede

- (1) 'n Straathandelaar—
- (a) mag nie slaap of oornag by die gebied waar hy of sy handel dryf nie, of by die gebied waar 'n ander straathandelaar handel dryf nie;
 - (b) mag nie sy of haar eiendom so plaas of opstapel op so 'n wyse dat dit—
 - (i) 'n gevaar vir enige persoon of eiendom uitmaak nie; of
 - (ii) waarskynlik enige persoon kan beseer of skade aan enige eiendom veroorsaak nie;
 - (c) mag nie rommel in 'n mangat, stormwater afvoerpyp of ander plek wat nie vir die wegdoen van rommel bedoel is, stort nie;

- (d) mag nie op 'n openbare pad, of openbare gerief of in 'n stormwater afvoerpyp, enige vet, olie of ghries wat in die uitvoering van sy of haar besigheid gebruik is, laat uitloop nie;
 - (e) mag nie toelaat dat rook, gasse, geraas, reuke of ander stof wat uit sy of haar aktiwiteit voortspruit, 'n oorlas of besoedeling van enige aard, veroorsaak nie;
 - (f) mag nie 'n struktuur oprig vir die doel van 'n skuiling nie, met uitsondering van 'n tydelike struktuur ten einde skuiling teen die weer te bied, in welke geval die skuiling aan die einde van die dag se sake verwyder moet word, met dien verstande dat die munisipaliteit se goedkeuring vir die oprigting van so 'n skuiling vooraf verkry moet word en dat die munisipaliteit mag voorskryf watter materiaal gebruik mag word;
 - (g) mag nie sy of haar eiendom op die oppervlakte van 'n openbare pad of openbare gerief plaas nie;
 - (h) wat sy of haar sake vanuit 'n voertuig doen, mag nie die voertuig of sleepwa op so 'n manier parkeer dat voetganger- of voertuigverkeer versper word nie en moet toesien dat hy of sy aan die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996, voldoen;
 - (i) mag nie sy of haar ware of ander eiendom op of in 'n gebou uitstal sonder die toestemming van die eienaar, wettige inwoner of persoon in beheer van sodanige gebou of eiendom nie;
 - (j) mag nie 'n voorwerp op enige wyse aan 'n gebou, struktuur, sypaadjie, boom, parkeermeter, lamp, paal, elektriese paal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straatmeublement in of op 'n openbare pad of openbare gerief heg nie;
 - (k) mag nie sy of haar sake op so 'n wyse bedryf dat dit—
 - (i) 'n oorlas skep ;
 - (ii) die oppervlakte van 'n openbare pad of openbare gerief of openbare of private eiendom beskadig of ontsier nie; of
 - (iii) 'n gevaar vir verkeer veroorsaak nie;
 - (l) mag nie 'n oop vuur wat 'n gesondheids- of omgewingsgevaar vir enige persoon of eiendom of vir straatmeublement inhou, maak nie;
 - (m) mag nie, anders as in 'n vullishouer goedgekeur en voorsien deur die munisipaliteit, enige rommel op—
 - (i) enige grond of perseel
 - (ii) enige openbare pad of openbare gerief; of
 - (iii) enige openbare of privaat eiendom, versamel, stort, berg of deponeer nie;
 - (n) mag nie sy of haar eiendom in 'n mangat, stormwater afvoerpyp, openbare toilet, bushalte, op die midiaan tussen verkeersbane of in 'n boom, bêre nie; en
 - (o) mag nie sodanige besigheid bedryf in 'n plek of gebied teenstrydig met enige verbod of beperking wat deur die munisipaliteit ingevolge artikel 6A(2)(a) van die Wet, goedgekeur is nie;
 - (p) mag nie handel dryf voor 'n formele besigheid met goedere wat soortgelyk is aan goedere wat deur sodanige formele handelaar te koop aangebied word nie;
 - (q) mag nie kinders onder die ouderdom van sestien toelaat om hom of haar te vergesel of namens hom of haar handel te dryf, waar langs 'n openbare pad handel gedryf word nie;
 - (r) mag nie van deur-tot-deur in enige sakesentrum soos in die munisipale soneringskema aangedui, handel dryf nie; en
 - (s) mag nie 'n oorlas veroorsaak deur aan te dring, te bedel of mense te intimideer om goedere te koop nie.
- (2) 'n Persoon wat 'n bepaling van sub-artikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

8. Verwydering en skut

- (1) 'n Beampte wat 'n redelike vermoede het dat eiendom gebruik word of beoog word vir die gebruik in, of in verband met, straathandel, hetsy die eiendom in besit is of onder beheer is van enige persoon al dan nie, onderhewig aan sub-artikel (2), mag die eiendom wat hy of sy vind by 'n plek waar straathandel beperk of verbied word, en wat 'n oortreding van enige sodanige beperking of verbod verteenwoordig, verwyder of skut.
- (2) 'n Beampte wat onder sub-artikel (1) optree moet, behalwe in die geval van goedere wat gelaat of agtergelaat is, 'n kwitansie aan die straathandelaar uitreik vir die eiendom wat op daardie wyse verwyder of geskut is en die kwitansie moet die volgende besonderhede bevat:
 - (a) die adres waar en die tydperk waarvoor die geskutte eiendom gehou sal word;
 - (b) die voorwaardes vir die aflossing van die geskutte goedere; en
 - (c) dat onopgeëiste eiendom by wyse van 'n openbare veiling verkoop sal word.
- (3) Indien enige geskutte eiendom verbind is tot onroerende goed of 'n struktuur, en die geskutte eiendom is skynbaar onder beheer van 'n persoon wat by die plek teenwoordig is, mag 'n beampte die persoon beveel om die geskutte eiendom te verwyder.
- (4) Wanneer 'n persoon versuim om te voldoen aan 'n bevel om geskutte eiendom te verwyder, mag 'n beampte sodanige stappe doen as wat nodig mag wees ten einde die geskutte eiendom te verwyder.

- (5) 'n Persoon wat 'n beampte in die uitvoering van sy of haar pligte onder hierdie artikel verhinder of belemmer, of wat weier of versuim om die voorwerp op bevel van 'n beampte te verwyder, begaan 'n misdryf.

9. Beslagleggingsregister

Die munisipaliteit moet—

- (1) 'n register byhou wat die inligting, beoog by Skedule 1, bevat en wat te alle redelike tye vir publieke insae beskikbaar moet wees; en
- (2) die beslagleggingsregister onmiddellik voltooi, met die aanvaarding van goedere by die plek van veiligheid of berging, wat vir hierdie doel daargestel is.

10. Wegdoening met geskutte goedere

- (1) Enige bederfbare eetware wat ingevolge artikel 8(1) verwyder en geskut is mag, onderhewig aan sub-artikel (2) verkoop of vernietig word of op 'n ander wyse mee weggedoen word kragtens enige beleid van die munisipaliteit binne 'n redelike tydperk nadat dit geskut is, met dien verstande dat die eiendom op enige stadium voor wegdoening daarvan, aan die eienaar terugbesorg kan word, op versoek van en by voorlegging van bewys van eienaarskap deur die eienaar aan die munisipaliteit.
- (2) Die munisipaliteit is geregtig daarop om enige bederfbare eetware wat deur die eienaar daarvan opgeëis word, te hou of daarmee weg te doen totdat alle redelike uitgawes deur hom aangegaan en boetes deur hom uitgereik, betaal is.
- (3) Die eienaar van enige goedere uitgesonderd bederfbare eetware wat alreeds deur die munisipaliteit hanteer is ingevolge sub-artikel (1) en (2), wat dit wil terugeis moet, binne 'n tydperk van 14 dae vanaf datum dat dit geskut is, by die munisipaliteit aansoek doen en moet die kwitansie beoog by artikel 8(2)(a) toon, by versuim waarvan die goedere verkoop mag word, onderhewig aan artikel 11.
- (4) In die geval dat die opbrengs van enige verkoping van goedere beoog onder hierdie artikel nie voldoende is om die uitgawes deur die munisipaliteit aangegaan te dek nie, sal die eienaar daarvan steeds, ingevolge artikel 8(3)(a), verantwoordelik wees vir die balans.

11. Verkoop van geskutte goedere

- (1) Indien die eienaar van geskutte goedere, met uitsondering van bederfbare eetware, versuim om sodanige goedere op te eis, en die voorgeskrewe gelde soos deur die munisipaliteit van tyd tot tyd bepaal, te betaal, moet die munisipaliteit binne 14 dae van die skut van goedere—
- (a) by die hof aansoek doen vir magtiging om die goedere te verkoop; en
- (b) in die aansoek beoog by paragraaf (a), die Hof voorsien van bewyse dat 'n verklaring beoog by sub-artikel (2) deur die einaar ingedien is.
- (2) Die verklaring beoog by sub-artikel (1)(b) moet die gelde en kostes wat verskuldig is ingevolge hierdie verordening, insluit.
- (3) Die Hof moet, ongeag of die bedrae in die verklaring beoog by sub-artikel (1)(b) betwis word of nie—
- (a) summier die saak ondersoek;
- (b) vasstel of die einaar van goedere in kennis gestel is deur die munisipaliteit; en
- (c) sodanige bevel maak wat dit as reg en haalbaar beskou, insluitend 'n bevel—
- (i) ten opsigte van koste; en
- (ii) rakende die proses wat die munisipaliteit moet volg ten opsigte van die verkoping van goedere waarop beslag gelê is.

12. Munisipale werknemers en raadslede mag nie geskutte goedere koop nie

Werknemers en raadslede van die munisipaliteit, of 'n familielid, of nabye verbintenis van enige munisipale werknemer of raadslid, mag nie enige goedere wat te koop aangebied word kragtens hierdie verordening, hetsy persoonlik of deur enige ander persoon, direk of indirek, koop nie.

13. Koerantverkopers

- (1) Enige uitgewer van 'n koerant wat sodanige koerant deur verkopers in of op 'n pad verkoop, moet 'n ooreenkoms met die munisipaliteit sluit ten opsigte van die gebiede waar en tye waartydens sodanige verkope onderneem mag word.
- (2) Die munisipaliteit mag die ure bepaal waartydens die verkoop van koerante ingevolge sub-artikel (1) onderneem mag word.
- (3) Die munisipaliteit mag 'n tarief hef vir die verkoop van koerante in of op 'n pad binne sy regsgebied.
- (4) Enige uitgewer of verkoper wat die bepalings van hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.

HOOFSTUK 2: ALLERLEI BEPALINGS

14. Boete

'n Persoon wat 'n misdryf ingevolge hierdie verordening begaan het, stel by skuldigbevinding, en onderhewig aan boetes voorgeskryf in enige ander wet, hom of haarself bloot aan 'n boete of by versuim om te betaal, tot tronkstraf, of tot sodanige tronkstraf sonder die opsie van 'n boete, of tot beide sodanige boete en sodanige tronkstraf, en in die geval van 'n daaropvolgende of voortgesette oortreding, tot 'n boete vir elke dag wat sodanige oortreding voortduur, of by versuim van betaling daarvan, tot tronkstraf.

15. Verantwoordelikheid van persone wat straathandelaars in diens neem Wanneer 'n werknemer van 'n persoon 'n daad uitvoer wat strydig is met die bepalings van hierdie verordening, word die werkgewer self geag die oortreding te begaan het, tensy hy of sy kan bewys dat—

- (a) hy of sy nie sodanige daad toegelaat het nie;
- (b) hy of sy alle redelike stappe gedoen het om die uitvoering van die daad te voorkom; en
- (c) dit nie binne die bestek van die magtiging of die beloop van die werknemer se aanstelling was om 'n daad uit te voer wat strydig met hierdie verordening is nie.

16. Vrywaring

Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade gelyk as gevolg van die skut van enige goedere ingevolge hierdie verordening nie.

17. Appèl

'n Persoon wie se regte beïnvloed word deur 'n besluit van die munisipaliteit mag teen so 'n besluit appelleer deur skriftelik kennis te gee van die appèl en die redes daarvoor ingevolge artikel 62 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) aan die munisipale bestuurder binne 21 dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit.

18. Skakelforums binne die gemeenskap

- (1) Die munisipaliteit mag een of meer skakelforums binne 'n gemeenskap vestig vir die doeleindes van—
 - (a) die skepping van omstandighede vir 'n plaaslike gemeenskap om deel te neem aan die sake van die munisipaliteit; en
 - (b) bevordering van ekonomiese welvaart.
- (2) 'n Skakelforum mag bestaan uit—
 - (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep, of geaffekteerde persoon;
 - (b) 'n lid of lede van 'n wykskomitee in wie se onmiddellike gebied straathandel plaasvind;
 - (c) 'n aangewese beampte of beamptes van die munisipaliteit; en
 - (d) 'n raadslid.
- (3)
 - (a) Die munisipaliteit mag, wanneer 'n aansoek vir goedkeuring, of 'n sertifikaat om vrystelling ingevolge hierdie verordening, oorweeg word, die insette van 'n skakelforum versoek.
 - (b) 'n Skakelforum of enige persoon of persone beoog by sub-artikel (2) mag, op eie inisiatief insette aan die munisipaliteit voorlê vir oorweging.

19. Herroeping van Verordeninge

Die bepalinge van enige verordening wat voorheen deur die munisipaliteit of enige ontbinde munisipaliteite wat nou by hierdie munisipaliteit ingelyf, afgekondig is, word hiermee herroep vir soverre dit verband hou met sake in hierdie Verordeninge voorsien.

20. Kort tittle en inwerkingtreding

Hierdie verordening staan bekend as die Hessequa Munisipaliteit Verordening insake Straathandel en tree in werking op die datum van afkondiging daarvan in die Provinsiale Koerant.

SKEDULE 1

Beslagleggingsregister Inligting

(Artikel 9)

'n Beslagleggingsregister moet ten minste die volgende inligting bevat—

1. Plek waar goedere gehou word
2. Datum van ontvangs van goedere
3. Getal en beskrywing van goedere
4. Naam en adres van persoon wat op goedere beslag gelê het
5. Naam en adres van eienaar van goedere
6. Naam en adres of beskrywing van plek waar goedere gevind is
7. Afstand tussen plek waar goedere op beslag gelê is en die skut
8. Datum van verkoping van goedere
9. Opbrengs van verkoopte goedere
10. Naam en adres van koper
11. Oorskot bedrag (indien enige) aan die eienaar of munisipaliteit betaal
12. Kwitansie nommer

